

Vuk'uzenzele

Produced by: Government Communication & Information System (GCIS)

English/Afrikaans

Oktober 2019 Uitgawe 1

	Boys promise to be men of honour Page 5		New sexual offences court in Limpopo Page 6	
--	---	---	---	---

Plans to protect women and children

President Cyril Ramaphosa has announced an emergency plan to deal with the violence against women and children in the country. Addressing a Joint Sitting of the National Assembly and National Council of Provinces recently, the President said the plan strengthens existing measures and introduces new interventions in five principal areas.

These areas include;

- How to prevent gender-based violence
- Strengthening the criminal justice system
- Steps that need to be taken to enhance the legal and policy framework
- What can be done to ensure adequate care, support and healing for victims of violence
- Measures to improve the



economic power of women in South Africa.

"This emergency action plan

will be driven by an Interim Steering Committee located in the Presidency and co-chaired

by government and civil society organisations.

"The Steering Committee will coordinate rapid response at national level. The plan will be implemented over the next six months," the President said.

He called for the Joint Sitting to focus the attention of elected public representatives and the nation at large on the crisis of Gender-Based Violence and Femicide (GBVF).

"To enhance the safety of women, we are going to, as a matter of urgency, make the necessary amendments to our laws and policies to ensure that perpetrators of GBV are brought to book. We will make substantial additional funding available for a comprehensive package of interventions to make an immediate and lasting difference.


"Cabinet has resolved to direct R1.1 billion in additional funding in this financial year to the comprehensive response to GBV. It is government's intention that the funds appropriated for this programme will be raised from within the current budget allocation and will not require additional borrowing," the President said.

Prevention measures

Government will launch a mass media campaign that will target communities, public spaces, workplaces, higher education institutions and schools, as well as recreational spaces.

"As part of this campaign, we are going to provide gender sensitivity training to law-enforcement officials, prosecutors, magistrates and policy makers – and ensure that

• Cont page 2

	<p>ALSO AVAILABLE ON:</p> <p>ANDROID APP ON Google play</p> <p>Available on the App Store</p> <p>@VukuzenzeleNews</p> <p>Vuk'uzenzele</p>	<p>CONTACT US</p> <p>Website: www.gcis.gov.za Email: vukuzenzele@gcis.gov.za</p> <p>www.vukuzenzele.gov.za Tel: (+27) 12 473 0353</p> <p>Tshedimosetso House: 1035 cnr Frances Baard and Festival streets Hatfield, Pretoria, 0083</p>
---	---	--

Van aangesig tot aangesig met geestesgesondheid


Allison Cooper

Iemand verloor elke 40 sekondes sy of haar lewe as gevolg van selfmoord.

Op Wêreldgeestesgesondheidsdag, 10 Oktober, verenig die wêreld om mense se geestesgesondheid regoor die wêreld te verbeter. Vanjaar se tema is selfmoordvoorkoming.

Pogings om bewustheid van die hoë selfmoordsyfer regoor die wêreld en die rol wat elkeen van ons kan speel om dit te help voorkom te verhoog, het op 10 September, Wêreldselfmoordvoorkomingsdag, begin en duur tot 10 Oktober.

Die Wêreldgesondheidsorganisasie moedig mense regoor die wêreld aan om op 10 Oktober aan 40 sekondes van optrede deel te neem, om bewustheid van die erns van selfmoord as globale openbare gesondheidsprobleem te verhoog; om kennis oor wat gedoen kan word om



selfmoord te voorkom te verbeter; om die stigma aangaande selfmoord te verminder; en om mense wat sukkel te laat weet dat hulle nie alleen is nie.

Geestesgesondheid-bewustheidsmaand

Geestesgesondheidbewustheidsmaand, wat ook in Oktober in Suid-Afrika gedenk word, skep bewustheid van die talle

geestesgesondheidstoestande en hoe mense met hierdie ongesteldhede hulp kan kry.

As gevolg van die stigma verbonde aan geestesgesondheidsversteurings vra baie mense nie hulp nie. Die eindresultaat kan tragies wees.

Die Suid-Afrikaanse depressie-en-angs-stoornisgroep (SADAG) het sedert Januarie 2019 meer as 145 000 oproepe by sy 22

hulplyninbelsentrums ontvang. 'n Totaal van 41 800 oproepe was na die selfmoordhulplyn, met mense wat om krisisingryping en dringende hulp vra.

SADAG se Bestuursdirekteur, Cassey Chambers, sê dat 'n beduidende aantal mense wat selfmoord oorweeg, angs, depressie en wanhoop ervaar en kan voel asof daar geen ander opsie is nie. Baie van die mense wat gebel het en selfmoordneigings gehad het, het verhoudingskwessies, finansiële probleme en trauma in die gesig gestaar. "Die grootste bydraende faktor was egter depressie wat nie gediagnoseer of behandel is nie," sê Chambers.

Volgens die Departement van Gesondheid voel mense wat aan depressie ly:

- vir minstens twee weke, elke dag, die hele dag, sielsongelukkelig;
- voel hartseer, terneergedruk of depressief;
- verloor belangstelling in

byna alle aktiwiteite wat hulle voorheen geniet het;

- en ervaar ander simptome soos uitputting, 'n onvermoë om te konsentreer en 'n gevoel van waardeloosheid of skuld.


- Hulle kan ook selfmoordgedagtes hê.

Die Departement van Gesondheid beklemtoon ook dat mense met algemene angsversteuring uitermatige bekommernis ervaar wat moeilik is om te beheer oor 'n verskeidenheid kwessies; van gesondheids- en gesinsprobleme tot geld skool en werk. Die gevolg is fisiese en geestelike kwale van spierspanning en rusteloosheid tot maklik moeg raak, swak konsentrasie en slapeloosheid. **U**

Geestesgesondheidsversteurings kan behandel word. Besoek jou naaste kliniek, hospitaal of gesondheidsorgverskaffer vir meer inligting. Jy kan ook vir SADAG se Selfmoordkrisislyn by 0800 567 567, sy Geestesgesondheidslyn by 011 234 4837 of LifeLine by 0861 322 322, skakel.

GBV can cause mental instability

THE DEVASTATING EFFECTS OF Gender-Based Violence can cause women to experience various mental health disorders.



Allison Cooper

Many people who access services at psychiatric hospitals have in one way or another been impacted or affected by Gender-Based Violence (GBV).

This is according to Clinical Psychologist Robyn Travers, who works at the Department of Health's Tara The H. Moross Hospital in Johannesburg.

Travers confirmed that GBV can lead to women experiencing various psycho-social, economic and societal stressors. "The psychological impact of GBV can contribute towards adult victims experiencing depression, anxiety-related disorders, post-traumatic stress disorder and substance-use disorders. Additionally, feelings of shame, anger, hopelessness and helplessness and suicidal urges may be prominent," she said.

Each women's psychology is different and they may experience different symptoms and mental health conditions. "It is very difficult to predict which women are more likely to experience which mental health conditions, as this depends on a range of factors such as genetic vulnerabilities, family and community-based support structures, emotional intelligence and resilience.

"It is also important to keep in mind that trauma is experi-

enced differently by individuals and that the process of working through the trauma is specific to the individual," said Travers.

Not all women who experience GBV are likely to develop substance-use disorders. "Others, who may already be reliant on substance-use, may increase the frequency and intensity of substance use."

Help is at hand

Travers said women who have been victims can access mental health services at any of the community-based clinics where individual and group-based interventions are offered. "At times, assistance may also take the form of psychiatric medication to assist in alleviating the initial symptoms. This could potentially be followed by a combination of medication and psychological intervention," said Travers.

"It is important that families adopt a non-judgemental and compassionate stance

The Department of Social Development's emergency Gender-Based Violence Command Centre can be contacted at 0800 428 428, or by sending a 'please call me' to *120*7867#. In addition, a Skype helpline is available for people with hearing impairments - add 'HELPME GBV' to your Skype contacts. People with disabilities can also SMS 'HELP' to 31531.

towards their loved ones or friends during their healing process," she added. Travers explained that emotional and practical support is of the utmost importance during this period.

"This can include listening to the victim's story, feelings and experiences; creating a safe physical environment; and accompanying the victim to the hospital, police station and legal aid clinic." **U**

Maatskaplike toelaes verskaf 'n lewenslyn aan miljoene

MAANDELIKSE BETALINGS van die regering verskaf aan Suid-Afrika se kwesbaarste mense 'n kernbelangrike veiligheidsnet.



Silusapho Nyanda

Om te verseker dat Suid-Afrika se kwesbaarste burgers beskerm word, betaal die regering elke maand meer as 17 miljoen maatskaplike toelaes.

’n Maatskaplike toelae verwys na staatsbefondsing wat betaal word aan Suid-Afrikaners wat sukkel om op hulle eie reg te kom. Die administrasie van die maatskaplike toelae word deur die Suid-Afrikaanse Agentskap vir Maatskaplike Sekerheid (SASSA), ’n entiteit wat deur die staat besit word, hanteer. Dié entiteit is geskep om bestaansekereheidsdienste te lewer om armoede teë te werk.

Daar is verskeie maatskaplike toelaes beskikbaar, wat op aansoekers se behoeftes gegrond is. Dit is die toelae vir ouer persone, ook bekend as die ouderdomspensioen;

kinderondersteuningstoelae; sorgafhanklikheidstoelae; oppasserstoelae vir mense wat ’n maatskaplike toelae kry maar iemand nodig om na hulle om te sien; oudstrydertoelae; pleegsorgtoelae; en ongeskiktheidstoelae.



Ongeskiktheidstoelae

Die toelae vir mense wat met gestremdhede leef, is R1 780. Aansoekers moet aan sekere kriteria voldoen om hiervoor in aanmerking te kom.

Jy kan vir ’n ongeskiktheidstoelae aansoek doen as jy ’n fisiese of geestelike gestremdheid het wat jou vir ’n tydperk van ses maande

of langer ongeskik vir werk maak.

Wanneer jy aansoek doen, moet jy ’n ongeskiktheidstoelae-aansoekvorm by jou naaste SASSA-tak, in die teenwoordigheid van ’n SASSA-beampte, invul.

Jy moet ook ’n beëdigde verklaring of ’n standaard-SASSA-vorm in die teenwoordigheid van ’n Kommissaris van Ede, wat nie ’n SASSA-ampenaar is nie, voltooi.

Die staat vereis ook ’n beëdigde verklaring wat deur ’n persoon van goeie naam onderteken is en ’n aansoeker se naam en ouderdom kan staaf.

Verskaf ook bewys van bates — insluitend die munisipale waarde van enige eiendom wat jy besit, bewys van privaat pensioen, ’n Werkloosheidsversekeringsfondsdokument, afdankingsdokument van jou vorige werkgewer as jy voorheen gewerk het, en, indien jou eggenoot in die afgelope vyf

jaar oorlede is, ’n afskrif van die testament en eerste en finale likwidasië- en verdeelingsrekening.

As jy ’n vlugteling is, moet jy ’n vlugtelingstatuspermit en ’n 13-syfer-vlugtelings-identiteitsdokument verskaf.

Om te kwalifiseer moet jy ook:

- ’n Suid-Afrikaanse burger of permanente inwoner of vlugteling wees wat ten tyde van die aansoek in Suid-Afrika woon,
- Tussen 18- en 59-jarige ouderdom wees,
- Nie in ’n staatsinstansie versorg word nie,
- ’n Suid-Afrikaanse ID-boekie hê,
- Nie meer as R78 120 verdien as jy enkellopend is, of R156 240 as jy getroud is nie,
- Nie bates besit ter waarde van meer as R1 115 400 as jy enkellopend

is, of R2 230 800 as jy getroud is, nie.

- ’n Mediese ondersoek ondergaan waar ’n dokter wat deur die staat aangestel is die graad van jou gestremdheid sal bepaal, en
- Enige vorige mediese rekords en verslae saambring wanneer jy aansoek doen en wanneer die assessering gedoen word.

Ouderdomstoelae

Dié toelae het ten doel om bejaardes te help. ’n Ouderdomstoelae word aan mense wat 60 jaar of ouer is betaal.

Die ontvanger moet:

- Nie meer as R78 120 verdien as jy enkellopend is, of R156 240 as jy getroud is nie, en
- Nie bates besit ter waarde van meer as R1 115 400 as jy enkellopend is, of R2 230 800 as jy getroud is, nie.
- Ontvangers kry R1 780 per maand en diegene wat ouer as 75 jaar is, kry R1 800.

SASSA betaal die toelae in kontant aan die ontvangers op spesifieke dae by bepaalde betaalpunte. Dit word ook via ’n elektroniese deposito in ’n bank- of Posbankrekening of aan instansies soos ouetehuse betaal. **!**

Dié inligting is deur die Suid-Afrikaanse Agentskap vir Maatskaplike Sekerheid (SASSA), verskaf.

**Kontak SASSA by
012 400 2000 of gaan na
www.sassa.gov.za vir meer
inligting oor maatskaplike
toelaes.**

Het jy geweet?

Vuk'uzenzele Koerant gaan 'n reeks artikels oor die verskillende tipes toelaes publiseer. Dit is om saam te val met Oktober, wat maatskaplike-ontwikkelingsmaand is.